# VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Remgro Beperk geouditeer. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat en gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Maart 2007, die inkomstestaat en gekonsolideerde inkomstestaat, die staat van veranderinge in ekwiteit en gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit, en die kontantvloeistaat en gekonsolideerde kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsy 49 tot 101.

**Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state**

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

**Ouditeur se verantwoordelikheid**

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstelling. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

**Mening**

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van die maatskappy en van die groep soos op 31 Maart 2007, en van hulle finansiële prestasie en hulle kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

PricewaterhouseCoopers Ing.

PRICEWATERHOUSECOOPERS

*Direkteur: N H Döman*
*Geregistreerde Ouditeur*

Kaapstad
18 Junie 2007